# TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB NUUSBRIEF

VOLUME 3, UITGAWE 2 JUNIE 2023

## 27ste Klub Herdenking

Ons klub was 27 Jaar oud die 14de Junie 2023!

Watter mylpaal! Dit voel soos gister wat ons die besluit geneem het om die Toyota 4x4 Eienaarsklub/Owners Club te stig.

Aan stories en staaltjies is daar hier nie 'n tekort nie.

Vir enige klub wat reeds 27 jaar lank bestaan, is Toyota 4x4 Eienaarsklub/Owners Club een van hierdie juwele wat oorgenoeg het om te vertel.

**Lees meer oor TEK 4x4 Klub se geskiedenis op bladsy 6!**




1996 - 2023

### INHOUDS OPGAWE:


| | |
|---|---|
| Bankbesonderhede | 2 |
| Kontak Ons | 2 |
| Webblad & Facebook | 2 |
| Bestuurskomitee | 3 |
| Lief en Leed | 4 |
| Welkom Nuwe Lede | 4 |
| Jaarlikse Ledegelde | 5 |
| Klub Inligting | 5 |
| Gemeenskapsuitreik | 5 |
| TEK 4x4 Klub Geskiedenis | 6 |
| Hou by die reëls en regulasie | 7 |
| Vorige Byeenkomstes: | 8 - 13 |
| Jabula Bush Camp | 8 - 9 |
| Daguitstappie | 10 - 11 |
| Berakah Eko-roete | 12 -13 |
| Toekomstige Byeenkomstes | 14 |
| Belangrike Datums om te Onthou | 15 |
| Van die Redaktrise | 15 |
| The History Of Jerry Cans | 16 |
| Kinder– en Kleutergenot | 18 -19 |
| Algemene Pitkos | 20 |
| Klubklere vir 2023 | 21 |
| Herwinningstoerusting | 22 |

# BANKBESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| **Bank:** | Nedbank |
| **Tak:** | Pretoria Noord |
| **Rekening Naam:** | Toyota 4x4 Eienaarsklub |
| **Rekening Nommer:** | 1375001728 |
| **Tak Kode:** | 159745 |
| **Verwysing:** | Jou Naam & Van / Klubgelde |
| **Aandag:** | Susan Dellemijn |
| **Epos:** | susan@snijdergroup.co.za |

# KONTAK ONS

Posbus 31061
Totiusdal
Pretoria
0134

# WEBBLAD EN FACEBOOK

Gaan besoek gerus ons webblad by:

https://www.toyota-4x4.org/

Sowel as ons bakkies blad op Facebook by Toy-Pos SA.

Kontak gerus vir Maria Huxtable 083 447 4859 as jy foto's wil deel of 'n storie wil deel met die nuusbrief.

# BESTUURSKOMITEE 2023



**Pierre Dellemijn**
Voorsitter,
Opleiding, Toerusting.
082 446 3605
pierred2011@gmail.com



**Marius Nel**
Onder Voorsitter,
Opleiding, Lang Toere Beplanning
082 555 5609
deloise@mweb.co.za



**Maria Huxtable**
Sekretaris,
Jaarprogram, Advertensies,
Nuusbrief.
083 447 4859
marial.huxtable@gmail.com



**Japie du Plessis**
Kommunikasie (Facebook),
Radio's.
079 653 7218
japieduplessis@gmail.com



**Alta Joubert**
Klubbemarking.
082 415 0669
ajoubert@ccbagroup.com



**Riaan Louw**
Fonds Insameling.
072 395 7376
taregist@gmail.com

*"Die **h**artklop van die **K**lub"*



**Achim Wurster**
Radio's,
Kommunikasie (Nuusbrief),
Gewone Opleiding.
083 229 8347
awurster@iafrica.com



**Anton Smith**
Klubbemarking,
Fonds Insameling.
082 706 8983
antonsmith51@gmail.com



**Susan Dellemijn**
Tesourier,
Lede Administrasie.
082 825 7270
susan@auditworks.co.za

# Lief en Leed

- Ruan en Cici Dellemijn verwag hul tweede dogtertjie!
  Baie geluk met julle bondeltjie vreugde!
- Saar Nel het ´n knievervanging ondergaan die 16de Mei en sterk mooi aan by die huis. Jy word beterskap en ´n vinnige herstel toegewens.
- Madelein Nel se Ma was siek gewees. Ons wens haar ´n spoedige herstel en goeie gesondheid toe.
- Vrydag die 23ste Junie het Theuns en Louriska Kruger ´n seuntjie, Theandre, ryker geword. Mag hy vir julle baie vreugde in julle lewe bring.



# JAARLIKSE LEDEGELDE

Die voorgeskrewe jaarlikse ledegelde van die Klub was tydens die Algemene Jaarvergadering 2022 hersien.

- Daar is 'n toetreebedrag van R 200.00 betaalbaar deur elke nuwe lid.
- Oud klublede wat bedank het en weer aansluit sal 'n toetreebedrag van R 50.00 betaal.
- Die jaarlikse ledegelde is R 450.00

Alle klublede word daaraan herinner om hierdie ledegelde so gou as moontlik te betaal.

*Die Bestuurskomitee*

# TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB

- 'n Lid is self verantwoordelik om sy gade in te lig van die klubaktiwiteite. Die jaarprogram is ook beskikbaar op die webblad om lede vroegtydig bewus te maak van toekomstige byeenkomste.
- Maak asb gebruik van die webblad. Die kalender sal op datum gehou word. Alle informasie rakende die jaarprogram en klub inligting is op die webblad.
- Die klub vra asseblief dat lede hulle jaarlikse klublede geld betaal voor enige naweek of toere bygewoon kan word.
- Indien ´n kommunikasiedag of daguitstappie bygewoon gaan word, stel asb die nodige komiteelid in kennis. Daar word baie moeite gedoen om bykosse te reël vir hierdie byeenkomste.

# Gemeenskapsuitreik



*Raak betrokke. Raak ´n "omgee" mens.*




Ons het dit goed gedink om hierdie jaar 'n houer by elke kommunikasiedae te hê waarin elkeen 'n nie-bederfbare produk en/of toiletware kan insit.

Hierdie produkte sal ons dan op ons Welsynsdag in Oktober 2023 aan die betrokke instansie wat ons gaan besoek oorhandig as deel van ons uitreik aksie.

# TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB GESKIEDENIS

## Waar begin ons?




Die eintlike begin was voor 1996.

Die ATV Klub het elke jaar Junie 'n expo gehou waar handelaars uitgestal het. So ook in Junie 1994 het Cartoria Sunnyside Toyota uitgestal onder leiding van Elsa Bezuidenhout. Dick Brotherton van die ATV Klub maak toe die voorstel dat Cartoria 'n Klub moet begin wat naweke weggaan omdat daar op daai stadium nie so iets bestaan het nie. So, word die Cartoria 4x4 Klub begin. November 1994 word 'n volwaardige komitee gekies. Alhoewel ons 'n Cartoria Klub was het ons geen hulp van hulle ontvang nie. Ons het naweke weggegaan en dit was lekker. In Februarie 1996 gaan ons Ponta toe vir 'n duik kwalifisering. Elsa hulle bly langer en sy en die destydse DP kry probleme en ons probleme begin ook in die Klub. Sien, sy was 'n verkoopsdame by Cartoria en met haar moeilikheid met die DP, bedank sy. Nou hy, as DP besluit toe sy mag nie op die komitee wees nie en ek as voorsitter saam met die komitee sê sy mag want sy is deur die lede verkies en nie deur hom nie. April besluit ons as komitee ons bedank as geheel en begin ons eie Klub. Van die lede of meeste besluit hulle gaan saam.

Die Toyota 4x4 Eienaarsklub teken die konstitusie op Pilansberg Natuurreservaat op 14 Junie 1996. Ek dink 17 lede het hom geteken. Alhoewel ons naam die Toyota 4x4 Eienaarsklub was en is, het daar lede saam gekom wat ander voertuie gery het. Elsa se man het vir Nissan gewerk en 'n paar van sy mense was ook deel van ons Klub. Een jaar op 'n AJV maak hulle toe die voorstel dat die naam moet verander, nodeloos om te sê hulle is verpletter.

Ons eerste lang toer is in 1996 gedoen. Een week in Zimbabwe en een in Botswana. Ons was 5 voertuie die eerste week en 4 die tweede. Ons het bloedskenk dae gehou met kaskenades. Opkoms vir bloedskenk was maar min, een jaar voor Kolonade gehou, baie toeskouers gehad. Kinderdae gehou, skattejag, naweke en lang toere.

Alhoewel ons 'n klein klubie was, onder die 100 lede (onthou die ander was BAIE GROOT, 400+ groot) was ons eintlik 'n GROOT KLUB gewees. Ons het menige Klubs gewen in die interklub kompetisies, (dink net die ATV Klub kon ons af en toe wen) ons het die gees beker elke jaar gewen, ons was deel van groot besluite wat geneem was daai stadium, en ons was onafhanklik tot vandag toe.

Ons fondament waarop ons Klub gebaseer was en is sterk. Van die ou lede wat nog deel van ons is: Danie van der Walt, Jaco du Toit, Francois du Toit, Greg Goodchild, Myra Lombard en Annelie Kruger.

Ek is TROTS om deel van die Klub te wees.

4x4 groete,

*Pierre Dellemijn*

**H**ou by die reëls en regulasie, konstitusie, bewarings- en gedragskode van die Klub.

**W**ees ´n bedagsame lid.

**B**estuur verantwoordelik.

**H**elp mede-lede.

**B**evorder die veilige en verantwoordelike gebruik van alle 4x4 voertuie.

**R**espekteer die reëls in alle parke, bewaringsgebiede, openbare en privaat gronde.

**H**ou jou voertuig in ´n goeie toestand om op die teerpad en veldry te kan bestuur.

**M**oenie rommel nie.

**TRAIL GRADING**

GRADE 1
Maintained dirt roads: these roads are graded and maintained year-round. Typical non-paved country roads.

GRADE 2
Easy 2WD/4WD: feature trails with obstacles that are easy to navigate. In optimum weather conditions, these trails may not require the continual use of 4WD.

GRADE 3
Standard 4WD trails: demanding trails on which 4WD is required. You will encounter a variety of more difficult challenges (loose rocks, large potholes, steep inclines/declines, and large rocks) on these trails. Possible with stock 4WD vehicle; however, traction device, off-road tyres and low air pressure are recommended. Higher than stock ground clearance is advisable. Low range often used. Moderate experience and driving skills advised. Paint damage and/or possible rocker panel damage is likely.

GRADE 4
Difficult trails: these trails traverse very rugged terrain and low range 4WD is required. Higher than stock ground clearance is required. Aggressive tread and low air pressure are required. Traction devices, as well as lift and larger tyres are highly recommended. These trails require above average off-road driving skills. Hi-lift jacks and winches would also be helpful. Paint damage and possible vehicle body and/or mechanical damage are likely.

GRADE 5
Impassable trails: these trails are for the extreme four-wheeler only. These trails require highly modified vehicles, including lift, excellent articulation, traction devices front and rear, large tyres with aggressive tread, winches, and hi-lift jacks. A high level of off-road driving skills is required. Paint damage is virtually guaranteed, while body and/or mechanical damage is very likely. Roll-overs will be more common on these trails and a winch will be used on at least one obstacle.

Above information from https://bonsai-sa.co.za/

# VORIGE BYEENKOMSTES

## Jabula Bush Camp

### 19 - 21 Mei 2023

Vrydagmiddag, die voertuie is gepak en almal sien uit na die lekker naweek wat voorlê. Ons is op die N1 en so arriveer die groepie so saam-saam by die kamp, party wat vroeër kon wegkom van die stad se gejaag is al klaar opgeslaan. Ons kan sommer sien met die intrapslag dat die gaan 'n lekker naweek wees.

Vrydagaand braai en kuier ons so met die een oog oor ons skouers, ons loer maar kort-kort net vir "incase" daar miskien 'n leeu is wat die vleis se reuk kom inspekteer.

Jabula is 'n kamp wat geen heinings om het nie en is geleë in Dinokeng, die geriewe is baie mooi en baie lekker. Die badkamers het 'n "open view" en terwyl jy stort of tande borsel kyk jy vir die natuur.

Jabula sien ons definitief weer.

Saterdagoggend het almal hulle eie ding gedoen, party het gaan wild kyk ander het gaan bier proe. Ons het mekaar op die grondpaaie raak gery. (Almal was nog ok, geen beserings). Die middag begin Riaan en Ettienne brode bak en hulle begin reg maak vir die aandete wat bestaan het uit 'n lekker potjie, baie lekker brode en voor ek vergeet ons het die poeding ook gekry. Dankie Julle 2!!!
GROOT BEDERF.





*"Open view vanaf ons daktent"*





Ons het die aand bietjie pryse uitgedeel vir die beste dans en singery; al wat ek wil sê is dat ons moet ons regte "jobs" moet hou want sjoe, ons het bietjie gesukkel.

Oom Hennie het ons koeksister "move" gewys en oom Daan het nie opgehou totdat hy die "move" reg gekry het nie. Well done oom Daan!

Sondag is oppak dag maar gou gaan ons 'n ietsie eet by die restaurantjie, die Veld Kombuisie is net hier naby nie ver nie maar daar was 'n klompie van ons wat deur Dinokeng rond gery het omtrent vir 'n uur om by die restaurant uit te kom, ons blameer maar die Antie op die GPS, sy het haar signal lekker verloor.

Weereens 'n baie lekker naweek. Baie dankie aan Riaan en Ettienne vir al julle reëlings ons waardeer julle!

*Alta Joubert*

# Jabula Bush Camp









# VORIGE BYEENKOMSTES

## Daguitstappie—Lion & Safari Park

### 28 Mei 2023

Vroeg oggend van 28 Mei 2023 staan almal wat die 4x4 baan by die Lion & Safari Park gaan aandurf reg met 'n koffie in die hand om die koue te trotseer. Daar word lekker gekuier vroeg oggend buite die park en die toergids, Dawie moet links en regs vrae beantwoord oor die dag se roete en gebeurtenisse.

Die roete begin waar ons toergids ons die baan verduidelik, en wat hy sal aanraai om te doen. Dit was 'n opwindende en senutergende baan met die mooiste natuurskoon wat jou laat vergeet het van die stadsgedruis, en dit is net 40 minute uit Pretoria. Ons het tydens die 4x4 roete 'n baie groot verskeidenheid wild gesien en almal, groot en klein in die voertuie het dit geniet.



***"Jaaa, Wittes het ook gery…."***

Ons het die dag afgesluit met 'n gesellige braai, ons het lekker gelag en gesels oor die gebeure van die dag. Ons het die park verlaat en die dag afgesluit om deur al die leeuhokke, wildehonde en jagluiperde te ry.



Verseker 'n daguitstappie om te onthou!

*Anton Smith*

***"Wonder wat gaan hier nou aan?"***





# Daguitstappie—Lion & Safari Park












# Udolpho en Berakah naweek

## 16—18 Junie 2023

*"Wie in sy regte verstand reël 'n naweek in ossewaens in die hartjie van die winter in Parys, nogal langs die rivier?*

***ONS***

Wie in sy regte verstand reël 'n naweek in ossewaens in die hartjie van die winter in Parys, nogal langs die rivier.


**ONS**

Ek het regtig nie gedink daar gaan nog malletjies wees nie, maar daar was. 'n Hele 9 gesinne. Onthou, ons slaap in ossewaens met seile, nie baie dig nie, gate in die vloere en dis baie, baie koud in die aande. Lekka man.









Vrydagoggend 08h00 vetrek ons van Shell Ultra City na Parys, 6 voertuie. Ons (Myra gaan saam), Rudie & Alta, Ruan & Maryke, Riaan & Ettienne, Jako, Lee-Ann & kids, Hannes, Chantelle & kid, Nico & Lindie (gaste). Achim, Danie, Marie & kids en Tiaan, Fienie & kids kry ons daar. Ry rustig, pad nie baie besig nie, tot by Parys. Ons loop deur die dorp en besluit om so ietsie te eet vir ontbyt/brunch. Lekker snoesige plekkie, maar O WEE. Die dametjie wat ons bedien, sjoe, jy's te bang om nog iets te bestel. Nors en ongierig. Die koffie en kos is uit die boonste rakke, roosterkoek met kaas en konfyt, omelette, man lekker. Loop nog verder, roomys winkel, ma ek wil n roomys hê. Sjoe, dit was lekker, sommer baie lekker.

Besluit ons gaan kamp soek. Aangenaam verras, netjies. Die waens staan in 'n sirkel met 'n boma so half in die middel, almal kies hul slaap plekkies. Onthou, daars 4, 6 en 8 bedwaens. Min dubbel beddens, baie stack bedjies. Ons moet egter deel. Kuier lekker in die sonnetjie verder. Riaan, ons vuurmaker van formaat begin vuur aansteek om bietjie hitte te skep. Met ons aankoms kry ons 'n vrag hout by die boma, sommer gawe mense, hierdie FAK mense. Achim kom laat. Dit word koud. Sop en vetkoek op die spyskaart, bietjie sjerrie ook, loop goed af. Met die koue saam, kuier die mense nie laat nie.

# Udolpho en Berakah naweek







Saterdagoggend staan hulle so stadig op. Darem nie te koud nie. Net drie voertuie gaan 4x4 ry by Berakah. Rudie hulle, Jako hulle (Hannes en gesin ry saam) en Achim. Hulle weergawe sal nog volg. Alta bewe nog. Die FAK mense het 'n toer na die JG Strijdom huis, wat hulle gehervestig het. Nico, Lindie en Fienie gaan saam. Baie interresant gewees, die geskiedenis en al. Ons ander kuier en besluit om ontbyt saam te maak. Na ontbyt sit ons en gesels oor ditjies en kalfies en ROOMYS. Gelukkig is die dorp seker nie ver nie. Ons gaan DORP toe. Heerlik roomys geëet. Weer bietjie rondgeloop. Terug kamp toe.

Vure word aangesteek, ons eie hout. Marie vertel dat die gawe mense te vertel het dat die hout nie eintlik ons sin was nie, maar vir die groep wat die volgende naweek sou kom kamp. Oops. Hulle foutjie.
Daar word gebraai. Ruan en Maryke maak krummelpap en sous, smul lekker. Roosterkoeke word ook gemaak. Weereens gekuier om die vuur en meeste mense het nie te laat gaan inkruip nie, seker die koue weer.

Sondagoggend maar traag opgestaan. Vadersdag. Susan deel sjokolade uit aan al die mans. Stadig pak almal op en vertrek op eie tyd huiswaarts. Die van der Walts en Hattinghs maak nog eers ontbyt, ons en Rudie hulle – eers weer dorp toe. Ontbyt en dan, reggeraai. ROOMYS.

Ons, na die roomysie besluit ook maar om huiswaarts te keer. Baie dankie aan almal wat die naweek weer awesome gemaak het. Dit was net weer 'n bewys, maak nie saak wat die weer is nie, ons kuier lekker saam.

Tot weersiens.

Ekke

*Pierre Dellemijn*



**Berakah 4 x 4 Roete**

Ons groepie wat die 4x4 roete op hulle "to do list" gehad het, het die Saterdagoggend ons koffie gesluk en alles in die karre gepak wat nodig was vir die dag en daar vertrek ons oppad na Berakah 4 x 4 roete…

Die roete was "tough" maar dit het ons wakker gehou, partykeer was daar 'n paar van ons wat maar die oë toe geknyp het toe ons by die "rowwe" hindernis gekom het en self 'n paar wat van die hindernisse eerder gestap het.

Ons het almal met mekaar se hulp deur die roete gekom, saam net koppe geskut toe die ander mense met hulle Toyota's en hulle gevulde glasies vir ons gewys het hoe ry jy 'n hindernis, al wat ek kan sê ek is bly ons "bumpers" en karre was nog heel aan die einde van die roete, want hulle karre het nie dieselfde gelyk as toe hulle begin het met die roete nie, maar hulle kan mos en hulle weet.

Dankie aan almal wat saam gery het, Achim wat die voortou op die roete geneem, aan ieder en elk wat 'n tak gesaag het, rots geskuif het, saam het ons die dag lekker gemaak.

Sien julle op by die volgende roete!!!

*Alta Joubert*

# TOEKOMSTIGE BYEENKOMSTES

## Die avontuur begin hier!




**Ruah Park**

21 - 23 Julie

Alta Joubert

082 415 0669




Weens 'n gebrek aan belangstelling, is dit vir ons baie hartseer om te laat weet dat ons die Swaziland naweek moes kanselleer. Ons poog om elke jaar se program so vol en lekker as moontlik te maak sodat ons elkeen 'n geleentheid wil gee om saam met die Klub uit te gaan. Met die jaareindfunksie is hierdie naweke deur die Lede voorgelê maar word nie deur die Lede bygewoon nie. As julle enige voorstelle of navrae het, kan dit aan die Bestuurskomitee gerig word.

Daguitstappies is ook een van die aktiwiteite wat baie swak bygewoon word. Ons vra nie dat jy met elke byeenkoms daar moet wees nie maar wel om so 'n bietjie meer jou gesig te kom wys.

*Bestuurskomitee*

# BELANGRIKE DATUMS OM TE ONTHOU

## Merk jou dagboek!

| | | |
|---|---|---|
| 30 Julie | - Daguitstappie | Anton Smith (082 706 8983) |
| 23 - 25 September | - Drakensberge | Riaan Louw (072 395 7376) & Alta Joubert (082 415 0669) |
| 14 Oktober | - TEK 4x4 Welsyndag | |
| 29 Oktober | - Daguitstappie | Anton Smith (082 706 8983) |
| 24 - 26 November | - AJV en Jaareindfunksie | |
| 03 Desember | - Kersete | |

Volg ons op Facebook

**Toy-Pos SA**

# VAN DIE REDAKTRISIE

**E**k is opsoek na die volgende:

- Lief en Leed, laat weet asseblief as daar enige siekte of goeie nuus is.
- Enige goeie, skoon grappe of stories wat vir die TEK Nuusbrief gebruik kan word.
- Foto´s van waar jy 4x4 gery het.
- Ek is elke maand opsoek na ´n voorblad foto, natuurlik van ´n 4x4 in die klub. Die beste foto wat aan my gestuur word via e-pos sal die voorblad haal. Foto´s moet verkieslik in "***portrait***" wees en nie "***landscape***" nie, indien moontlik.

Kom ons kry daai aksie foto´s in!

- Enige kommentaar en voorstelle is ook welkom.

*Maria Huxtable*

# The History Of Jerry Cans - Their Crucial Role in World War II

The Jerry Can was designed in Germany in the 1930s for military use to hold 20 litres of fuel and subsequently copied by the allies during World War II. In 1937 Germans developed what was known as a Wehrmacht-Einheitskanister which meant "Armed Forces Unit Canister" and its purpose was keeping the tanks fuelled and ready at a moment's notice.

The Allied Forces had their own fuel canisters, but they were no match for the German equivalent. They were poorly designed and were made from thin mild steel that was welded together and easily punctured, which often lead to fuel leaks. Instead, the Germans created a masterpiece and, if you can believe it, we are still using their original design to this day.

Firstly, the German jerry can was built from two pieces of stamped steel interlocked with each other, eliminating leaks altogether and driving down production costs at the same time. Are you familiar with the distinctive ribbed design that jerry cans are famous for? They were all part of the stamping process, which allowed for the contraction and expansion of the interior liquid based on fluctuating temperatures.

Secondly, the jerry can was manufactured to hold up to 24 litres of fuel and featured rounded handles for convenient carry and transfer from soldier to soldier, which also enabled soldiers to carry up to two at a time.

Different colours were introduced in order to be able to diversify the content of the jerry can. Let's say that it was hard for Americans to resist adopting this jerry can design for their own purposes and they decided to build their own version. It was called "jerry" from the American US Forces slang term "Jerry" for Germans. The jerry cans were born.

The new design retained the German handles, size, and shape. Very quickly, the American jerry cans became widely used by the US Army and Marine Corps units and served a crucial role in the outcome of WWII.

*Without these cans, it would have been impossible for our armies to cut across France… [exceeding] the German Blitzkrieg of 1940.*
*- President Roosevelt*

*"Jerrycan" comes from the American US Forces slang term "Jerry" for Germans.*






Today, jerry can is defined as a metal or plastic container. They've made their way around the world and are used in pretty much every country where individuals require extra fuel and water for different reasons.

## REFERENCES


* www.directwatertanks.co.uk
* rclsa-asrlc.org
* www.hagerty.com
* www.jerrycanwarehouse.com


## FAIR USE NOTICE

I do not own this content. All credits go to its rightful owners.

This material constitutes a fair use of any copyrighted material as provided for in Section 12 of the SA Copyright Act of 1978 and its amendments.

"Through travel I first became aware of the outside world; it was through travel that I found my own introspective way into becoming a part of it."  ~ *Eudora Welty*




*"Old Fargo pickup at Canyon Roadhouse near Hobas, Namibia."*



Partykeer moet jy die grondpad ry om die **MOOI** te waardeer!






4x4 is 'n manier van LEWE..



# Kinder- en Kleutergenot

## Help die Kuikens om hul Ma te vind!



Wanneer 'n ma-hen gevaar aanvoel, kloek sy om haar baba kuikens te waarsku. Gehoorsame baba kuikens sal na hul ma se stem luister en na haar toe hardloop.

Help die kuikens deur die doolhof om hul ma te vind.

Pasop vir die slang, jakkals en uil!



# Farm Animals Crossword Puzzle



**ANSWER:** Countryside

1. Cat 2. Cow 3. Duck 4. Chicken

5. Goat 6. Rooster 7. Turkey 8. Horse

9. Pig 10. Dog 11. Sheep

# Algemene Pitkos



Alhoewel niemand kan teruggaan en 'n splinternuwe begin maak nie,
kan enige iemand nou begin en 'n splinternuwe einde maak.

"Jy kan nie die oseaan oorsteek nie tensy jy die moed het om die sig van die land te verloor." - Christopher Columbus

**Onderhoud**

Die meisie se pa vra die voornemende skoonseun: "Ou maat, kan jy ´n familie onderhou?"
Die verbaasde jongman antwoord: "Nee Oom, net jou dogter. Die res van julle sal vir julleself moet sorg."

With money you can buy a house, but not a home…




Afrikaans word ons moedertong genoem;
Want die pa kry nooit ´antwoord in nie.




Hulle sê ons moet ons belasting met 'n glimlag betaal.

Ek het dit probeer, maar hulle wou geld hê.

## Hoeveel balle is daar?



Die foto hierlangs het 4 lae balle.
Die aantal balle per laag, vanaf die boonste laag getel, is:
$1^{ste}$ laag: 1
$2^{de}$ laag: 2×2 = 4
$3^{de}$ laag: 3×3 = 9
$4^{de}$ laag: 4×4 = 16
Dus, daar is 'n totaal van 1 + 4 + 9 + 16 = 30 balle.

# KLUBKLERE VIR 2023

Kontak gerus vir Alta om jou klere te bestel.

082 415 0669

ajoubert@ccbagroup.com

## Klubhemde:



**Mans& Dames:**

**Alle groottes beskikbaar.**

**R 380.00**

# SECURETECH HERWINNINGSTOERUSTING








Die **TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB** kan herwinningstoerusting verskaf aan ons lede teen bekostigbare pryse.

Kontak Pierre gerus as jy verdere produk inligting of 'n pryslys benodig, navrae het of as advies soek.

Kontak vir Pierre 082 446 3605 om jou herwinningstoerusting te bestel.

*Moenie wag tot jy dit nodig het, dan is dit te laat!*






Die

**Toyota 4x4 Eienaarsklub**

is geleë in

Pretoria, Gauteng.

**TOYOTA4x4 EIENAARSKLUB**

Posbus 31061

Totiusdal

Pretoria

0134

Sel: 082 446 3605 (Pierre Dellemijn)

Sel: 082 825 7270 (Susan Dellemijn)

E-pos: pierred2011@gmail.com (Pierre)

E-pos: susan@snijdergroup.co.za (Susan)

**ONS VISIE:**

**4X4 Familie betrokkenheid.**

**ONS MISSIE:**

**Om families in staat te stel om 4X4 voertuie verantwoordelik in die natuur te gebruik.**

**Ons is op die Web!**

**www.toyota-4x4.org**

